



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2014

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n 19 bladsy-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy ALLE vrae moet beantwoord.
3. Toon bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
BTW, Voorraad en Etiek	Finansiële rekeningkunde BTW-konsepte en berekeninge Bestuur van hulpbronne Voorraadwaardasie: EIEU en geweegde gemiddelde Etiese gedrag in 'n finansiële omgewing

VRAAG 2: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Krediteureversoening en Interne Beheer	Finansiële rekeningkunde Versoening van 'n Krediteuregrootboekrekening met 'n rekeningstaat Bestuur van hulpbronne Interne beheer en interne oudit Etiese gedrag in 'n finansiële omgewing

VRAAG 3: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Finansiële State: Balansstaat, Vertolking en Etiek	Finansiële rekeningkunde Balansstaat en notas Ontleding en vertolking van finansiële inligting Bestuur van hulpbronne Professionele liggame en gedragskode Etiese gedrag in 'n finansiële omgewing

VRAAG 4: 75 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Vaste bates, Kontantvloeistaat, Vertolking en Korporatiewe Bestuur	Finansiële rekeningkunde Kontantvloeistaat Ontleding en vertolking van finansiële inligting Bestuur van hulpbronne Vertolk en doen verslag oor die bewegings van vaste bates

VRAAG 5: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Kontantbegroting en Interne Beheer	Bestuursrekeningkunde Kontantbegroting – ontleding en vertolking Bestuur van hulpbronne Interne beheer en probleemoplossing

VRAAG 6: 55 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Vervaardiging	Bestuursrekeningkunde Produksiekostestaat en notas Ontleding en vertolking van eenheidskoste en gelykbreekpunt Bestuur van hulpbronne Interne beheer en interne oudit

VRAAG 1: BTW, VOORRAAD EN ETIEK**(35 punte; 20 minute)****1.1 KONSEPTE****GEVRA:**1.1.1 Waarvoor staan die letters *BTW*? (1)

1.1.2 Watter BTW-koers word op noodsaaklikhede soos bruinbrood, melk en vars groente gehef? (1)

1.1.3 Waarvoor staan die letters *EIEU*? (1)

1.1.4 Skryf die ontbrekende woord neer:

Die voorraadstelsel wat die opteken van die koste van verkope van elke verkooptransaksie behels, is die ... voorraadstelsel. (1)

1.2 BTW: SEBENZA HANDELAARS

Die onderneming doen op 'n tweemaandelikse basis verslag van BTW.

GEVRA:

Bereken die finale bedrag betaalbaar aan SAID op 31 Julie 2014 (jy mag 'n BTW-kontrolerekening opstel om jou met jou berekeninge te help). (9)

INLIGTING:

	BTW INGESLUIT	BTW UITGESLUIT	BTW- BEDRAG
Saldo verskuldig deur SAID op 1 Julie 2014			R11 200
Kontant- en kredietverkoopfakture	R1 026 000	R900 000	R126 000
Aankoop van handelsvoorraad	R627 000	R550 000	R77 000
Foutiewe voorraad teruggestuur aan verskaffers	R2 223	R1 950	R273
Korting toegestaan aan debiteure vir spoedige betaling		R47 800	?
Nuwe kantoorrekenaar op krediet aangekoop	R10 830		?

1.3 **VOORRAADWAARDASIE: SMART UNIFORMS**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Smart Uniforms vir Junie 2014. Harry Mavuso is die eienaar van die onderneming. Hulle koop en verkoop skoolbaadjies. Die onderneming gebruik die geweegegemiddelde-metode vir voorraadwaardasie en die periodieke voorraadstelsel.

GEVRA:

- 1.3.1 Bereken die totale bedrag betaal vir vraggeld op die aankope op 11 Junie 2014. (4)
- 1.3.2 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2014 deur die geweegegemiddelde-metode te gebruik. (8)
- 1.3.3 Harry oorweeg 'n verandering in die voorraadwaardasie-metode. Die waarde van eindvoorraad met die gebruik van die EIEU-metode sal R20 850 hoër wees as die waarde met die gebruik van die geweegegemiddelde-metode.
- Verduidelik die uitwerking wat dit op die bruto wins sal hê. (2)
 - Gee EEN geldige rede **vir** en EEN geldige rede **teen** die verandering van die voorraadwaardasie-metode. (4)
- 1.3.4 Harry is bekommerd oor die beheer oor sy voorraad baadjies. Hy het 2 900 baadjies gedurende die jaar verkoop. Gee 'n berekening om sy kommer te staaf. (4)

INLIGTING:**A. Voorraadsaldo's:**

Datum	Getal eenhede	Prys per eenheid	Totale koste
1 Junie 2014	410	R190	R77 900
30 Junie 2014	580	?	?

B. Aankope gedurende die maand:

Datum	Getal eenhede	Prys per eenheid	Vraggeld op aankope	Totale koste
11 Junie 2014	1 600	R215	?	R352 600
18 Junie 2014	1 210	R240	Nul	R290 400
26 Junie 2014	470	R265	R3 300	R127 850
Totale aankope	3 280			R770 850
Terugsendings van 18 Junie-aankope	5			R1 200

VRAAG 2: KREDITEUREVERSOENING EN INTERNE BEHEER**(30 punte; 20 minute)**

KZ Winkels koop goedere op krediet by Vallei Bpk.

GEVRA:

- 2.1 Die boekhouer, Litzie, sê dit is nie vir haar nodig om 'n Krediteure-versoeningstaat voor te berei nie, aangesien die krediteure in elk geval maandeliks 'n rekeningstaat aan die onderneming stuur. Wat sal jy vir haar sê? Noem TWEE punte. (4)
- 2.2 Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK om aan te toon hoe die relevante saldo's sal verander wanneer die krediteureversoening gedoen word. Dui die syfer asook 'n + vir toename en 'n – vir afname aan. Die eerste transaksie (Inligting A) is reeds vir jou gedoen. (16)

INLIGTING:

Die volgende saldo's word verskaf:

In die rekening van Vallei Bpk. in die Krediteure-grootboek van KZ Winkels op 30 September 2014:	R112 820	Krediet
Op die rekeningstaat ontvang van Vallei Bpk. op 25 September 2014:	R182 150	Debiet

Die volgende foute en weglatings is gedurende 'n ondersoek ontdek:

- A.** 'n Betaling deur KZ Winkels van R9 000 is in die Krediteuregrootboek en op die rekeningstaat weggelaat.
- B.** 'n Faktuur vir R87 500 vir goedere by Vallei Bpk. gekoop, is op die rekeningstaat aangedui, maar is nie deur KZ Winkels geboekstaaf nie.
- C.** 'n Faktuur vir R28 000 ontvang van Vallei Bpk. is korrek deur KZ Winkels geboekstaaf. Die rekeningstaat toon die bedrag as R20 800.
- D.** KZ Winkels het 'n korting van R1 400 vir die vroeë betaling van hul rekening korrek geboekstaaf. Dit is nie op die rekeningstaat van Vallei Bpk. getoon nie.
- E.** Die rekeningstaat toon rente van R630 op die agterstallige rekening. Vallei Bpk. het erken dat 'n fout gemaak is en het belowe om die inskrywing in die Oktober 2014-rekeningstaat reg te stel.
- F.** 'n Debietnota vir R2 100 wat aan Value BK uitgereik is, is foutiewelik in die rekening van Vallei Bpk. deur KZ Winkels geboekstaaf.
- G.** 'n Kredietnota vir R5 250 ontvang van Vallei Bpk. vir goedere teruggestuur, is foutiewelik as 'n faktuur deur KZ Winkels geboekstaaf.
- H.** Goedere wat by Vallei Bpk. op 30 September 2014 vir R4 600 aangekoop is, is deur KZ Winkels geboekstaaf. Die rekeningstaat van Vallei Bpk. is gedateer 25 September 2014.

2.3 Verwys na Inligting B:

As die interne ouditeur van KZ Winkels het jy ontdek dat slegs R50 000 van hierdie goedere deur die stoomman in die voorraadrekords geboekstaaf is. Die oorblywende goedere is privaat deur J van Wyk, 'n werknemer in beheer van krediteure, bestel.

2.3.1 Verduidelik hoe daar teen J van Wyk opgetree behoort te word. Noem TWEE punte. (4)

2.3.2 Wat moet die onderneming doen om 'n soortgelyke insident in die toekoms te voorkom? Verduidelik DRIE punte. (6)

30

VRAAG 3: BALANSSTAAT, VERTOLKING EN ETIEK (65 punte; 40 minute)

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Vijay Beperk. Die finansiële jaareinde is 28 Februarie 2014.

GEVRA:

- 3.1 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op:
- 3.1.1 Aandelekapitaal (9)
- 3.1.2 Behoue inkomste (11)
- 3.2 Stel die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 28 Februarie 2014 op. Waar notas nie gevra word nie, toon ALLE berekeninge tussen hakies. (26)
- 3.3 Bereken die opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang vir 2014. (5)
- 3.4 Van 2013 tot 2014 het die direkteure 'n doelbewuste besluit geneem om die beleid oor die verdeling van winste in die vorm van dividende te verander. Lewer kommentaar op hierdie verandering. Haal finansiële aanwysers of syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)
- 3.5 Lewer kommentaar daarop of die aandeelhouders tevrede behoort te wees met die persentasie opbrengs en die markprys van hulle aandele. Haal TWEE relevante finansiële aanwysers aan (werklike syfers/verhoudings/persentasies) en hul neigings. Gee in elke geval addisionele kommentaar. (6)
- 3.6 Die eksterne ouditeure, Hassan en Jacob, het Janet in diens geneem om aan die audit van Vijay Bpk. te werk. Janet besit 10 000 aandele in Vijay Beperk. Verduidelik waarom dit 'n probleem is en gee 'n geldige oplossing. (4)

INLIGTING:

- A. Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 750 000 gewone aandele. Op 1 Maart 2013 is slegs 60% van die aandele uitgereik.
- B. Die volgende bedrae is uit die rekords geneem:

	28 Feb. 2014	28 Feb. 2013
Gewone aandelekapitaal	?	3 215 000
Behoue inkomste	?	322 500
Totale gewone aandeelhoudersbelang	?	3 537 500
Vaste bates (drawaarde)	?	
Vaste deposito: Sam Bank	650 000	
Lening: William Bank	482 600	
Voorrade	275 400	
Debiteurekontrole	243 500	
Krediteurekontrole	62 460	
Kontant in die bank en kleinkas	336 600	
Vooruitontvange inkomste (Huur)	12 120	
Vooruitbetaalde uitgawes (Versekering)	7 600	
Voorlopige inkomstebelasting-betalings	299 980	
Tussentydse dividende op 31 Aug. 2014 betaal	270 000	

- C.** Op 1 November 2013 het die maatskappy 'n verdere 80 000 aandele teen R9,50 per aandeel uitgereik.
- D.** Op 28 Februarie 2014 het die direkteure besluit om 75 000 gewone aandele terug te koop uit die boedel van 'n aandeelhouer wat oorlede is. Hierdie aandeelhouer het oorspronklik sy aandele op die JEB op verskillende tye en teen verskillende pryse gekoop. 'n Terugkoopprys van R10,40 is as 'n billike prys aanvaar.
- E.** Op 27 Februarie 2014 is 'n finale dividend van 40 sent per aandeel verklaar. Alle aandele, wat die nuwe uitgereikte aandele asook die teruggekoopte aandele insluit, kwalifiseer vir finale dividende.
- F.** Die leningstaat van William Bank wat op 28 Februarie 2014 ontvang is, toon rente gekapitaliseer teen R81 400. Dit is nie in die boeke opgeteken nie. Die onderneming verwag om 20% van die uitstaande saldo in die volgende finansiële jaar te vereffen.
- G.** Nadat al die aansuiwerings hierbo in ag geneem is, is die netto wins voor belasting bereken as R1 161 000. Die inkomstebelasting word teen 30% van netto inkomste voor belasting bereken.

H.

Finansiële aanwysers op 28 Februarie:	2014	2013
Verdienste per aandeel (VPA)	170 sent	82 sent
Dividende per aandeel (DPA)	100 sent	82 sent
Netto batewaarde (NBW)	846 sent	786 sent
Opbrengs op aandeelhouersbelang (OOAB)	?	18,3%

I.

Addisionele inligting:	2014	2013
Markprys van Vijay Bpk.-aandele op JEB	1 032 sent	1 060 sent
Rentekoers op alternatiewe beleggings	9%	9%

VRAAG 4: VASTE BATES, KONTANTVLOEISTAAT: VERTOLKING EN KORPORATIEWE BESTUUR (75 punte; 45 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Metoor Supermarkte Beperk, 'n publieke maatskappy. Die einde van die finansiële jaar is 28 Februarie 2014.

GEVRA:**4.1 Verwys na Inligting E:**

Bereken die ontbrekende bedrae (aangedui deur **a**, **b** en **c**) in die Vaste/Tasbarebates-nota vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014. (12)

4.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014. Sommige van die besonderhede en syfers is reeds in die ANTWOORDEBOEK aangebring. Toon bewerkings tussen hakies. (31)

4.3 By die AJV het 'n aandeelhouer gesê dat die Kontantvloeistaat swak besluite deur die direkteure toon.

Verduidelik TWEE punte, met relevante syfers, om sy mening te staaf. (4)

4.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2014:

4.4.1 Netto batewaarde per aandeel (3)

4.4.2 Skuld-ekwiteit-verhouding (3)

4.5 Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die maatskappy. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers (werklike syfers/verhoudings/persentasies) en hulle neigings aan. (9)

4.6 Die direkteure het besluit om die lening gedurende die huidige finansiële jaar te verhoog. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike syfers/verhoudings/persentasies) aan wat relevant is tot hul besluitneming. Verduidelik waarom dit 'n goeie besluit was, of nie. (8)

4.7 Die Bakker-familie besit 740 000 aandele in hierdie maatskappy. Verduidelik die uitwerking wat die terugkoop van aandele op 31 Desember 2013 op hul beheer oor die maatskappy gehad het. Gee 'n berekening(e) om jou antwoord te staaf. (5)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Inkomstestaar vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014:**

Rente op lening (alles gekapitaliseer)	88 500
Netto wins voor belasting	1 575 000
Inkomstebelasting	441 000

B. Uittreksel uit die Balansstaat soos op:

	28 Feb. 2014	28 Feb. 2013
Bedryfsbates	3 337 300	4 641 000
Vorrade	818 200	641 000
Handelsdebiteure	2 377 600	1 512 000
SAID: Inkomstebelasting	128 000	-
Kontant en kontantekwivalente	13 500	2 488 000
Aandeehouersbelang	8 839 000	7 400 000
Gewone aandelekapitaal	8 700 000	6 600 000
Behoue inkomste	139 000	800 000
Verbandlening: Excel Bank (rentekoers: 12,5% p.j.)	908 000	508 000
Bedryfslaste	2 063 700	1 302 000
Handelskrediteure	678 700	700 000
Aandeehouers vir dividende	870 000	480 000
Oortrokke bankrekening	515 000	-
SAID: Inkomstebelasting	-	122 000

C. Aandeehouersregister:

DATUM	BESONDERHEDE
1 Maart 2013	1 200 000 uitgereikte aandele
31 Maart 2013	300 000 aandele uitgereik teen R8 elk
31 Desember 2013	Die maatskappy het 50 000 aandele, teen R9,50 elk, by 'n ontevrede aandeelhouer, S Smit, teruggekoop. Die gemiddelde prys van alle aandele tot op datum uitgereik, was R6 per aandeel.
28 Februarie 2014	1 450 000 uitgereikte aandele

D. Dividende vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2014:

Tussentydse dividende op 31 Augustus 2013 betaal	R750 000
Finale dividende op 28 Februarie 2014 verklaar	R870 000

E. Vaste/Tasbare bates:

	GROND EN GEBOU	VOERTUIE
Drawaarde aan die begin van die finansiële jaar	2 689 000	1 880 000
Kosprys	2 689 000	3 250 000
Opgehoopte waardevermindering	-	(1 370 000)
Bewegings		
Toevoegings teen kosprys	a	330 000
Bateverkope teen drawaarde	-	b
Waardevermindering	-	c
Drawaarde aan die einde van die finansiële jaar	6 740 000	
Kosprys	6 740 000	3 440 000
Opgehoopte waardevermindering	-	

Addisionele inligting in terme van vaste/tasbare bates:

- (i) 'n Voertuig is op 31 Mei 2013 teen drawaarde vir kontant verkoop. Die volgende uittreksel van die voertuig wat verkoop is, is uit die Vastebateregister geneem:

Kosprys: R140 000		Datum aangekoop: 1 Maart 2012
Waardeverminderingskoers: 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode		
FINANSIËLE JAAREINDE	WAARDE- VERMINDERING	OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING
28 Februarie 2013	28 000	28 000
31 Mei 2013	5 600	33 600

- (ii) 'n Nuwe voertuig, wat R330 000 gekos het, is op 1 Januarie 2014 aangekoop en per tjek betaal.
- (iii) Waardevermindering op voertuie word afgeskryf teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode.
- (iv) Nuwe perseel (grond en geboue) is gedurende die finansiële jaar bekom.

F. Finansiële aanwysers:

	28 Feb. 2014	28 Feb. 2013
Skuld-ekwiteit-verhouding	?	0,1 : 1
Netto batewaarde per aandeel (NBA)	?	617 sent
Bedryfsverhouding	1,6 : 1	3,6 : 1
Vuurproefverhouding	1,2 : 1	3,1 : 1
Voorraadomsetsnelheid	6,8 keer p.j.	5,1 keer p.j.
Debiteure-invorderingstermyn	40 dae	35 dae
% opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	18,8%	16,4%

HOU HIERDIE BLADSY BLANKO.

VRAAG 5: KONTANTBEGROTING EN INTERNE BEHEER (40 punte; 25 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Martin se Gesondheidswinkel. Die onderneming verkoop 'n gesondheidsdrankie wat 'n raklewe van twee maande het. Die finansiële jaar van die besigheid eindig op 30 September 2014. Die nuutaangestelde boekhouer het 'n begroting vir die drie maande geëindig 31 Desember 2014 opgestel. Die Kontantbegroting wat hy voorgelê het, is nie heeltemal korrek nie.

GEVRA:**5.1 Verwys na Inligting C:**

Noem VIER items wat nie in hierdie Kontantbegroting geplaas moes gewees het nie. (4)

5.2 Voltooi die Krediteurebetalingskedule vir die tydperk Oktober tot Desember 2014 deur die bedrae wat deur 'n asterisk (*) aangedui word, te bereken. (9)

5.3 Met verwysing na die opgestelde begroting, bereken die volgende:

- 5.3.1 Die totale verkope vir September 2014 (3)
- 5.3.2 Die persentasie verhoging in huurinkomste in Desember 2014 (3)
- 5.3.3 Die salarisse-en-lone-bedrag vir Desember 2014 (3)
- 5.3.4 Die rentekoers op die lening (4)

5.4 Beantwoord die volgende vrae.

- 5.4.1 Bereken die tydperk waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is (in dae) op 30 September 2014. Verduidelik of dit vir hierdie onderneming geskik is. (6)
- 5.4.2 Bereken die winsopslagpersentasie behaal vir die jaar geëindig 30 September 2014. (4)
- 5.4.3 Lewer kommentaar daarop of die verandering in die winsopslagpersentasie die onderneming bevoordeel het of nie. Gee 'n berekening(e) om jou mening te staaf. (4)

INLIGTING:

A. Syfers onttrek uit die finansiële state op 30 September 2013 en 2014:

	2014	2013
Verkope	1 780 600	1 680 000
Koste van verkope	1 228 000	?
Winsopslag %	?	60%

B. Dit is die onderneming se beleid om 'n voorraadvlak van R250 000 elke maand te handhaaf. Voorraad wat elke maand verkoop word, word dieselfde maand vervang.

C. KONTANTBEGROTING DEUR DIE BOEKHOUER OPGESTEL VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 31 DESEMBER 2014:

KONTANTONTVANGSTE	OKTOBER	NOVEMBER	DESEMBER
Kontantverkope	238 000	212 500	221 000
Ontvangste van debiteure	40 500	42 000	37 500
Lening: Mali Bank	-	-	150 000
Korting ontvang	1 350	1 400	1 400
Huurinkomste	8 000	8 000	9 000
	287 850	263 900	418 900
KONTANTBETALINGS			
Totale koste van verkope	185 000	170 000	175 000
Kontantaankope van voorraad	111 000	102 000	105 000
Oninbare skulde	400	400	400
Salarisse en lone	46 000	46 000	5.3.3
Rente op lening	-	-	1 125
Waardevermindering op toerusting	8 200	8 200	8 200
Diverse kontantuitgawes	18 000	18 900	?
	368 600	345 500	358 500
Kontantsurplus/-tekort	(80 750)	(81 600)	60 400
Bank (beginsaldo)	45 000	(35 750)	(117 350)
Bank (eindsaldo)	(35 750)	(117 350)	(56 950)

- D.** Kredietverkope beloop 15% van totale verkope. Daar word van debiteure verwag dat hulle hul skuld ten volle in die maand wat op die verkope volg, sal betaal.
- E.** 40% van alle handelsvoorraad is op krediet aangekoop.
- F.** Krediteure laat 60 dae krediet toe, maar betalings binne die maand van aankope ontvang 5% korting. Op grond van vorige ondervinding, betaal die onderneming soos volg:
- 10% binne die maand van aankope
 - 75% in die maand wat op die maand van aankope volg
 - 15% in die tweede maand wat op die maand van aankope volg
- G.** Die lening sal op 1 Desember 2014 ontvang word.
- H.** Die vakbond het 'n verhoging van 8,5% in salarisse en lone onderhandel. Dit sal eers van 1 Desember 2014 in werking wees.

VRAAG 6: VERVAARDIGING**(55 punte; 30 minute)****6.1 BRIAN SE BRELLIES**

Brian Jonas is die eienaar van Brian se Brellies, 'n onderneming wat sambrele vervaardig. Die finansiële jaar eindig op 31 Julie 2014.

GEVRA:

- 6.1.1 **Verwys na Inligting C:** Bereken die direkte-arbeidskoste. (5)
- 6.1.2 **Verwys na Inligting D:** Stel die korrekte nota vir fabrieksbokoste op. (19)
- 6.1.3 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Julie 2014 op. (10)

INLIGTING:

A. VOORRAADSALDO'S	31 JULIE 2014	1 AUGUSTUS 2013
Grondstofvoorraad	R124 400	R98 780
Goedere-in-bewerking-voorraad	R42 600	R37 600
Indirekte materiaal	R3 600	R4 400

- B.** Grondstof aan fabriek uitgereik vir produksie: R623 700
- C.** Drie werkers is in die produksie-afdeling in diens. Hulle werk elk 1 920 uur gewone tyd per jaar teen R95 per uur. In Desember 2013 het elke fabriekswerker 'n bonus van 12% van sy jaarlikse verdienste ontvang.
- D.** Die boekhouer het die volgende fabrieksbokosteberekening aangebied:

Diverse fabrieksuitgawes	30 975
Indirekte materiaal	52 200
Huuruitgawe	117 000
Advertensies	10 500
Versekering	16 640
Salaris van fabrieksvoorman	97 150
Water en elektrisiteit	20 010
TOTAAL	344 475

Die volgende foute is opgemerk:

- Voorrade van fabrieks- indirekte materiaal is nie in berekening gebring om die indirekte materiaal wat gebruik is, te bereken nie.
- Die bedrag vir huuruitgawe is die totale bedrag betaal. Huur behoort tussen die fabriek-, verkoops- en administrasieafdelings in die verhouding 5 : 2 : 1 verdeel te word.
- Die bedrag vir versekering is die totale bedrag betaal. Dit sluit die Augustus 2014-premie in. Slegs 75% van hierdie uitgawe is op die fabriek van toepassing. Daar was geen verhoging in die maandelikse premies nie.
- Die fabrieksvoorman was op betaalde verlof in Julie 2014. Sy salaris vir Julie 2014 is nie verwerk nie. Die fabrieksvoorman het 'n maandelikse salarisverhoging van R900 ontvang met ingang van 1 Junie 2014.
- 60% van die water-en-elektrisiteitskoste is aan die fabriek toegedeel, terwyl dit 80% moes gewees het.

6.2 BEN SE SPYSENIERING

Ben Khulamo besit 'n klein onderneming wat pasteie en oliebolle ('doughnuts') produseer wat hy aan plaaslike skoolsnoepwinkels verskaf.

Waar kommentaar/verduidelikings hieronder vereis word, haal syfers, eenheidskoste of finansiële aanwysers aan om jou menings te staaf.

GEVRA:

6.2.1 Identifiseer EEN eenheidskoste vir oliebolle en TWEE eenheidskoste vir pasteie wat groot probleme in 2014 was, en neem in ag dat die inflasiekoers 5% was. Vir elke eenheidskoste geïdentifiseer, gee 'n moontlike oorsaak van die probleem en gee raad oor hoe om dit reg te stel. (12)

6.2.2 Ben meen dat hy meer oliebolle kan produseer en verkoop. Bereken die getal ekstra oliebolle wat hy moet produseer en verkoop om 'n addisionele wins van R15 000 te maak. Aanvaar dat die eenheidskoste en verkoopsprys vir 2014 onveranderd sal bly. (4)

6.2.3 Ben is bekommerd oor die finansiële prestasie van sy besigheid en oor die feit dat 'n nuwe mededinger in die gebied oopgemaak het. (5)

- Noem die produk wat negatief deur die nuwe mededinger beïnvloed is.
- Lewer kommentaar op hoe dit 'n uitwerking op die netto wins op hierdie produk sou gehad het.

INLIGTING	OLIEBOLLE		PASTEIE	
	2014	2013	2014	2013
Totale getal eenhede geproduseer & verkoop	55 000 eenhede	51 000 eenhede	35 000 eenhede	44 000 eenhede
Gelykbreekpunt (eenhede)	21 667 eenhede	24 074 eenhede	38 095 eenhede	18 519 eenhede
Ben se verkoopsprys per eenheid	R8,00	R7,00	R12,50	R12,00
Verkoopsprys van die mededinger	R8,60	-	R12,50	-
VERANDERLIKE KOSTE PER EENHEID	R5,00	R4,30	R8,30	R5,85
Direkte materiaalkoste per eenheid	R1,95	R2,05	R5,05	R2,20
Direkte arbeidskoste per eenheid	R1,90	R1,55	R2,20	R2,60
Verkoops- en verspreidingskoste per eenheid	R1,15	R0,70	R1,05	R1,05
VASTE KOSTE PER EENHEID	R1,18	R1,27	R4,57	R3,64
Fabrieksbokoste per eenheid	R0,67	R0,78	R3,38	R2,50
Administrasiekoste per eenheid	R0,51	R0,49	R1,19	R1,14